DEEL 114 | WEEK 29 | 22 JULIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# MISDADIGERS TEIKEN HEILBRON

Heilbron was die afgelope twee weke telkemaal 'n teiken vir misdadigers. Buiten Susan Bornman se huis wat laas week helder oordag deur vier gewapende mans besteel is, was Rina's in Langmarkstraat ook gedurende die week beroof.

Die eienaar van die winkel vertel dat hulle tydens beurtkrag die enigste winkel was wat oop was omdat hulle 'n kragopwekker gebruik. Sowat ses gewapende mans het die winkel binnegestap en hulle geroof. Niemand was tydens die voorval beseer nie. Die winkeleienaar, Fikire Eliso, sê dat hulle 'n onbepaalde hoeveelheid kontant asook sigarette gevat het en verskeie ander items in die winkel is ook gesteel. Alles is in die besigheid se bakkie gelaai waarna hulle het met die voertuig weggery het. Die bakkie was glo in Heidelberg gevind te danke aan 'n opsporingstoestel, maar die mans was glad nie in sig nie. Die vermoede bestaan dat die verdagtes al die goedere daar in 'n ander voertuig oorgelaai het. Die feit dat die bakkie in Heidelberg gevind is, ondersteun die teorie dat 'n sindikaat Heilbron teiken. Fikire sê hy voel dat dit nie veel sal help om sekuriteit aan te stel nie. Die polisie het wel leidrade opgevolg en was behulpsaam, maar daar was steeds nie 'n positiewe uitkoms nie.

Volgens 'n mediaverklaring wat uitgereik is deur Dr Pieter Groenewald, leier van die VF+, is daar gebreke in Suid-Afrika se strafregstelsel en word dit onderstreep deur die feit dat 'n misdadiger se kans om weg te kom met misdaad, sowat 80% is. Misdadigers vrees nie meer die polisie nie en hulle word nie afgeskrik deur ontoereikende strawwe, sou hulle wel voor 'n hof gebring word nie. Die land se stygende misdaadsyfers wys lank reeds hierdie gebreke in die stelsel uit. Suid-Afrika het wel goeie wetgewing om misdaad te bekamp. Die probleem lê egter by die toepassing daarvan.

Hierdie is nou die tweede geval in hierdie tyd waar gewapende mans 'n rooftog in die dorp uitvoer en die polisie geen inhegtenisnames kan doen nie. Dan word die kleiner inbrake nie eens genoem nie. Sal ons die oplossing vind om ons gemeenskap te beskerm of gaan ons sonder enige hulp nog langer in vrees lewe.




# "LIEFDE OP DIE KASSIE"

Philru Wepener, 'n beesboer van Petrus Steyn, het onlangs besluit om sy liefdeslewe in die hande van die televisiereeks Boer Soek 'n Vrou te sit. Philru vertel dat hy voel hy is op die regte plek is sy lewe om hierdie geleentheid aan te gryp. Sy vriende het hom ingeskryf, maar hy bieg dat hy hulle wel 'n hupstoot moes gee. Philru was al in 'n paar verhoudings en sê dat hy baie daaruit geleer het, soos om aanpasbaar te wees, na mekaar te luister en mekaar te ondersteun. Dit alles help om saam in 'n verhouding te groei. Hy het ook vertel dat hy eerder nou enkellopend is en kieskeurig is, as wat hy eendag moet skei. Philru is opsoek na 'n sagte meisie, maar sy moet ook nie op haar mond geval wees nie. Sy moet selfstandig wees en sterk in haar geloof wees, 'n Godvresende vrou, sodat hulle mekaar in hulle geloof kan opbou. Dit is vir hom die belangrikste.

Philru, wat vir Reitz-dorp rugby speel, is 'n man wat sy meisie sal ondersteun in haar loopbaan en ook sal ondersteun as sy iets op die plaas sou wou aanpak, maar dit moet van twee kante af kom en sy moet hom ook ondersteun. Afstand is volgens Philru nie 'n probleem nie. "Ek dink mens kan dit maak werk sou jy regtig wil." Philru moedig dames aan wat in hom belangstel om hulself te wees in die briewe wat hulle vir hom skryf. Vir Philru maak dit nie regtig saak of hy die top vyf haal nie, die belangrikste is om daardie spesiale persoon te vind. Philru gaan uitkyk vir daardie spesiale brief waar hy kan sien dat die meisie behalwe Godvresend, ook plat op die aarde is.

Die eerste episode van Boer soek 'n Vrou het reeds op Woensdag die 20ste Julie sy verskyning op die televisiekassie gemaak. Mense van Petrus Steyn en omliggende areas hou die program noukeurig dop om te sien wie die spesiale vrou in Boer Philru se lewe gaan wees. Diegene wat vir Philru 'n brief wil skryf moet ouer as 21 wees, ongetroud, geskei of 'n weduwee wees. Inskrywings moet voor middernag 28 Julie ingedien word.








# Uit die pen: Week 29 van 2022

Uiteindelik kry drie van ons 'n kar om mee te ry. Nie vir baie lank nie, maar net sodat ons moet ophou kla. Ons word 'n gedugte driemanskap: Ek, mnr Moekie en mev Soekie. I have to protect the innocent. Een oggend word ons met die jaar toet se Tazz voorsien. Ek moet die inventaris van die karretjie deurgaan en seker maak dat alles daar is. Twee truspieëltjies, vier mati, spaarwiel, wielspanner, domkrag, en nog ander goeters.

Die vier mati is die karmatjies, vind ek toe later uit. Twee truspieëltjies, tiek. Vier matjies, geen. Spaarwiel, tiek. Wielspanner, geen. Domkrag, geen. Ons besluit om op gebed te ry.

Toe ek inklim, prewel mnr Moekie iets wat soos "petrol" klink. Ek sluit die kar aan: nee wat, ons het nog genoeg petrol in om na 'n dorp so 80 km vanaf die kantoor te ry. Ons vat die pad.

Die radio werk nie. My voet gly op die petrolpedaal. Dit word warm en warmer en warmste.

By die dorp stop ons gou by die winkel, want die sweet loop ons altwee af, al het ons die lugreëling aangehad. Later het ons die vensters ook sommer oopgemaak. Ons kry elkeen 'n yskoue koeldrank en 'n appel. Toe ek weer in die kar inklim, sien ek dat daar geen petrolpedaal is nie.

"Ek het jou mos gesê", is mnr Moekie se reaksie. Mmm, ek onthou dat hy iets van "petrol" genoem het.

"En so terloops: die lugreëling kan net warm maak." Ja, so het ek agtergekom.

En ons altwee weet darem teen hierdie tyd dat die radio nie werk nie.

By die vorige skole waar ek skoolgehou het, het ek 'n paar Sotholiedjies geleer, en ek en mnr Moekie sing lekker saam. Hy ken voorwaar ook Afrikaanse liedjies en ons twee proes van die lag terwyl ons sing.

Ek vertel hom van die stokou fliek "Next Stop Makouvlei". Dit word ons speletjie: elke keer wanneer iemand ons vra waarheen ons gaan, sê mnr Moekie: "Next Stop Makouvlei." Nie almal verstaan ons aweregse grappie nie, maar dis nou maar tot daarnatoe.

Ons kry vir mev Soekie om saam te ry. Sy is meeste van die tyd doodstil, ons kom soms nie eers agter dat sy daar is nie. By een skool spring ek en mnr Moekie in die kar en trek weg. Toe ons by die skoolhek kom, deel mnr Moekie vir ons elkeen 'n lekkertjie uit. Toe hy agtertoe kyk om vir mev Soekie ook een te gee, kom ons agter dat ons nie vir mev Soekie ingelaai het nie. Ons draai terug en lag onbedaarlik. Ons stop net betyds om te sien hoe mev Soekie uit die badkamer kom, op soek na ons.

Ons drie ry na 'n skool toe nie ver van Heilbron af nie. Hierdie keer het ons 'n ghrênder kar, ek kan nie eers meer die fabrikaat onthou nie. Hierdie een het 'n radio met CD speler, kragstuur en 'n lugreëling wat regtig werk. Toe ons die kantoor verlaat, voel ek dat die kar so effens ruk, maar dit gebeur nie weer nie, en ons ry houtgerus die ongeveer 120 km.

Ons gaan laai mev Soekie by 'n townshipskool af, en ons is op pad na 'n ander skool in 'n buurdorp. Toe ons wegtrek by mev Soekie se skool, ruk die kar weereens. Ek gooi dit in eerste rat en ek en mnr Moekie trek weer weg. Dit begin saggies reën.

Ons is op pad na die buurdorp toe, en ons spreek af om mekaar teen 'n sekere tyd weer by mev Soekie se skool te kry. Ek en mnr Moekie ry deur die dorp op pad na die buurdorp toe. En daar gebeur dit: die motor vrek. Soos in morsdood. Geen liggies nie, en dit sluit ook toe nou sommer outomaties toe, met ons binnekant.

Dit reën nou effens harder. Geluk by die ongeluk het die kar net agter 'n ander skool gaan staan. Ons bel die kantoor. Hulle vat omtrent 7 jaar en drie weke om die telefoon te beantwoord. Wat is fout met die kar?

Wel, as ek geweet het, kon ek dit sommer self reggemaak het. Kom haal ons en die kar, asseblief.

Geen probleem. Die lowbed is op pad. En ons, vra ek? Ons is nou-nou op pad om julle ook te kom haal. Goed so, ons gaan by die skool wees waar ons gaan staan het, indien julle ons soek. Gaaf, dis nou so 09:30, ons is binne ure daar. Ja, sure.

Ek kry die kar oopgesluit, maar nie die kattebak nie. Ek kruip deur die kar tot by die kattebak en haal ons rekenaars uit. Ons loop in die gietende reën tot by die skool waar ons wag. Net langer as 'n uur daarna daag die lowbed op. Die skool gee vir ons iets warm om te drink, en ons hou maar aan werk.

Mev Soekie het met 'n geleentheid tot by die skool gekom. Die skoolhoof kom later groet, sy sal die personeelkamer vir ons oop hou.

Teen 17:30 lui my foon: waar is ons? Want hulle het nou net van die kantoor af gery.

Ek dog ek huil. Dit het darem al teen hierdie tyd ophou reën, en ek stap winkel toe om iets te ete te kry.

Uiteindelik stop die kar by ons: die amptenare wat ons kom haal, het gewag totdat die kantoor sluit. Ek wil nie eers met hulle praat nie, so kwaad is ek dat hulle ons so lank laat wag. Asof ons niks anders het om te doen nie. By die kantoor kan ek my kar kry om die 28 km terug huis toe te ry.

Ek is briesend. As ek weer met 'n staatskar moet ry, sorg ek dat dit nie daardie kar is nie, besluit ek. Ek sal weier om iewers heen te ry sonder 'n spaarwiel, domkrag en wielspanner. Want wragtag, as dit is hoe lank dit neem om ons nou-nou te kom haal, wil ek nie weet hoe lank dit gaan neem om ons netnou te kom haal nie.

# ANXIETY DISORDER

**• Heilbron Clinic**

**ANXIETY DISORDER**

Everybody knows what it's like to feel anxious - the butterflies in your stomach before a first date, the tension you feel when your boss is angry, the way you heart pounds if you're in danger. Anxiety rouses you to action. It gears up to face a threatening situation. It makes you study harder for that exam and keeps you on your toes when you're making a speech. In general, it helps you cope.

But if you have an anxiety disorder, this normally helpful emotion can do just the opposite - it can keep you from coping and can disrupt your daily life. Anxiety disorders aren't just a case of "nerves". They are illnesses, often related to the biological makeup and life experience of an individual and they are frequently run-in families. There are several types of anxiety disorders, each with its own distinct features.

An anxiety disorder may make you feel anxious most of the time, without any apparent reason, or the anxious feelings may be so uncomfortable that to avoid them you may stop some daily activities. Or you may have occasional bouts of anxiety so intense they terrify and immobilize you. Anxiety disorders are the most common of all mental disorders. Many people misunderstand these disorders and think individuals should be able to overcome the symptoms by sheer willpower. Wishing the symptoms away does not work - but there are treatments that can help. This brochure gives brief explanations of generalized anxiety disorders (which are sometimes accompanied by agoraphobia), specific phobias, social phobias, obsessive-compulsive disorder and post-traumatic stress disorder.

**GENERALIZED ANXIETY DISORDER**

Generalized Anxiety Disorder (GAD) is much more than the normal anxiety people experience day to day. It's chronic and exaggerated worry and tension, even though nothing seems to provoke it. Having this disorder means always anticipating disaster, often worrying excessively about health, money, family, or work. Even though sometimes the source of the worry is hard to pinpoint, simply the thought of getting through the day provokes anxiety.

**PANIC DISORDER**

Panic Disorder is associated with panic attacks that occur from time to time and can be very debilitating.

**PANIC ATTACK SYMPTOMS**

Pounding heart, chest pains, light-headedness or dizziness, nausea or stomach problems, flushes or chills, shortness of breath or a feeling of smothering or chocking. Tingling or numbness, shaking or trembling.

Feeling of unreality, terror, a feeling of being out of control or going crazy, fear of dying, sweating.

You may genuinely believe you're having a heart attack, losing your mind, or on the verge of death. Attacks can occur any time, even during non-dream sleep.

**OBSESSIVE - COMPULSIVE DISORDER**

Obsessive-compulsive disorder is characterized by anxious thoughts or rituals you feel you can't control. If you have OCD, as it's called, you may be plagued by persistent, unwelcome thoughts or images, or by the urgent need to engage in certain rituals.

You may be obsessed with germs or dirt, so you wash your hands over and over. You may be filled with doubt and feel the need to check things repeatedly. You might be preoccupied by thoughts of violence and fear that you will harm people close to you. You may spend long periods of time touching things or counting; you may be preoccupied by order of symmetry, you may persistent thoughts of performing sexual acts that are repugnant to you, or you may be troubled by thoughts that are against your religious beliefs.

**POST-TRAUMATIC STRESS DISORDER**

Post-Traumatic Stress Disorder (PTSD) is a debilitating condition that follows a terrifying event. Often, people with PTSD have persistent frightening thoughts and memories of their ordeal and feel emotionally numb, especially with people they were once close to.

PTSD, once referred to as shell shock or battle fatigue, was first brought to the public's attention by war veterans, but it can also result from any other number of traumatic incidents. These include kidnapping, serious accidents such as car or train wrecks, natural disasters such as floods or earthquakes, violent attacks such as mugging, rape, or torture, or being held captive. The vent that triggers it may be something that threatened the person's life or the life of someone close to him or her. Or it could be something witnessed, such as mass destruction after a plane crash.

**TREATMENT OF ANXIETY DISORDER**

Treatment for anxiety disorders includes medication and psychotherapy. Treatment may take long but is effective.

For help and more information contact you nearest health care provider.

***Department of Health***

# BRAILLE AUDIOBOOK SERVICE

Phiritona Public Library has recently installed a free braille audiobook service. This computer is meant to help visually impaired people and people who have lost their hearing or have a hearing problem. This is a first for Phiritona, and the library is proud to help each community member who struggles with a disability. Every person using this computer has received a free modem worth R7 000. Nhlanhla Tshabalala invites each person to come and have a look at this new computer.




# SKENK BLOED - JOU BLOED RED LEWENS

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk:
**Dinsdag, 26 Julie 2022**
**NG Suid Kerksaal, Heilbron**
**13:00 – 19:00**

Elke bloedskenker sal 'n Winter-geskenk van waardering ontvang.

SANBS doen 'n beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word.

Tydens die winter is daar 'n groot afname in bloedskenkings en dit het 'n ernstige impak op pasiënte. Help SANBS om meer lewens te red deur 'n eenheid bloed te skenk.




**Om 'n bloedskenker te word, moet jy:**
- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50kg weeg
- Iets voor jou skenking eet
- Gesond wees op die dag van skenking

# 55ste Huweliksherdenking



*Saterdag 15 Julie 1967 was vir oom Jan en tannie Bessie van Zyl die begin van hulle wonderlike lewenspad saam. Op Vrydag 15 Julie 2022 het hulle 'n geseënde 55ste huweliksherdenking gevier!*

# SPAR LAUNCHED NEW COMPETITION

On the 19th of May Spar launched a new competition where children between the ages of 6 and 10 years had to draw a family portrait and write a little background story about their families. "Spar is al about family and we love finding ways to connect with consumers by bringing Spar Values of community, local resonance, and family to life in meaningful and impactful ways." Kids across the region was asked to enter and Spar received tons of drawings with some heartfelt stories. The winners of the drawings will be announced on the 5th of August. Winners will receive a badge, certificate and a Spar Voucher to the value of R1000. Spar Heilbron will also showcase all the family portraits at Spar.



## In Memoriam

*Jesus luister na my wanhoop, vertroos my en heel die wonde van my stukkende hart met helende salf van U Liefde. Ek hoef net te luister en ek sal hoor hoe U vir my sê: "Ek is hier, my Liefste Liefste Kind!"*

Acts Ambassadors
† 22 Julie 2008




**BALE TE KOOP**
•Eragrostis nuwe seisoen
•Goed bemes
•Sal help met laai
•Sluit nie vervoer in nie, kan gereel word teen ekstra koste
**Bale @ R300.00 elk**
**300 bale beskikbaar!**
**KONTAK LEON**
**083 229 1964**




**ESTHÈ MULLER INC**
ATTORNEYS | PROKUREURS | BABUELLI
Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:
Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:
- Contracts / Kontrakte
- Transfer of Property / Oordrag van Eiendomme
- Registration of Companies / Registrasie van Maatskappye
- Wills, Estates and Trusts / Testamente, Boedels en Trusts
- Divorces / Egskeidings
- Collections / Invorderings
- Correspondent work / Korresondente werk
- Civil Litigation / Siviele Litigasie

Contact us on: 083 267 9559 / 058 852 2041
E-Mail: pieter@esthemuller.co.za / esthe@esthemuller.co.za
Address: 47 Els Street, Heilbron



**We help you comply**

With auto-assessment, you have the right to request an amendment within **40 working days** after receiving your assessment notice via SMS. Amendments can be done by filing an income tax return via eFiling or the SARS MobiApp.

To comply, you need to verify your information on your auto-assessment on time.

To learn more about SARS taxpayer rights and obligations read our Service Charter at www.sars.gov.za

#YourTaxMatters

SARS.GOV.ZA 25 YEARS At Your Service | SARS At Your Service

# 67 MINUTE VAN JOU TYD VIR MANDELADAG

'n Dag waar menswaardigheid gevier word. 67 minute van jou dag wat jy iets goedhartigs bydra tot jou gemeenskap en sodoende veranderinge bring tot die gemeenskap of individue. Die dag word reg oor Suid-Afrika gevier en in die Mafube area was dit geen uitsondering nie. Twin Mosia het op 18 Julie sy veldskoene, soos hy dit noem, aangetrek en die 67km aangedurf vanaf Petrus Steyn na Frankfort. Twin vertel dat die nie sy eerste keer is wat hy so 'n staptog aandurf nie. Twin het hierdie jaar besluit om 67 paar skoene vir plaaskinders in te samel as een van die Veldskoene Ambassadeurs. Dié staptog het Twin nie alleen aangedurf nie, maar het saam met vriende gestap van Sasol, Sharpville en natuurlik Petrus Steyn. Elkeen van die persone wat die staptog bygewoon het, het hul eie redes waarom hulle stap. Tumelo Wa Mokoena het gestap teen bate van "climate changing and planting 67 trees."

Mnr Neo Mosia, die hoof van Boitumelong skool, vertel dat sy personeel in samewerking met die CJB sokkerklub van Phiritona Heilbron, en onder die leierskap van mnr Mvulane Mojola, hulle 67 minute spandeer het om die skool in 'n beter toestand te kry. Klaskamers is skoongemaak asook dreinpype. Mnr Mosia vertel dat dit 'n produktiewe dag was en almal lekker saamgewerk het. Hy vertel ook hoe dankbaar hy is vir die hulp. Daar is sprake dat die klub saam met mnr Mvulane volgende jaar sal terugkeer om hul deel weer by te dra op Mandeladag. Mnr Mvulane het op Facebook die skool bedank, asook sy blydskap uitgespreek oor die kinder van die klub wat kom help het op die dag.



JCB
Johann Claasen Boerdery
VAKANTE BETREKKING
Gekwalifiseerde Dieselwerktuigkundige
in Petrus Steyn
• Ondervinding van:
New Holland, John Deere en Case
• Verwysings noodsaaklik
• Moet kan reis na Bothaville en Christiana
• Proeftydperk sal van toepassing wees
CV's kan gestuur word na:
wilna@highfert.com






Ngwathe

**Request for Quotations (Exceeds R01,00 and less or equal R30 000,00)**

DESCRIPTION OF GOODS / SERVICES

| DESCRIPTION OF PRODUCTS/SERVICES | UNIT OF MEASURE (e.g. box, pack, case, Kg, L, M etc) | QUANTITY |
|---|---|---|
| Fruitree fruit juice : 350 ml bottles – assorted flavours | Each | 36 |
| Lucozade Energy : bottles – assorted flavours : 500 ml | Each | 24 |
| Lucozade Energy : bottles – assorted flavours : 360 ml | Each | 24 |
| Krush Fresh fruit juice : assorted flavours | Each | 18 |
| 6 x 6 boxes long life milk : FULL CREAM | Pack of 6 | 8 |
| Ellies Brown powder milk | Each | 6 |
| 750 g Ricoffy : DECAF | Each | 6 |
| Jacobs Kronung Coffee : 200 g (green and gold label) | Each | 6 |
| 330 ml can cool drinks : Coke | Pack of 6 | 6 |
| Fanta Orange | Pack of 6 | 4 |
| Sprite | Pack of 6 | 4 |
| Cream Soda | Pack of 6 | 4 |
| Grapetiser | Pack of 6 | 6 |
| Appletiser | Pack of 6 | 6 |
| Stoney | Pack of 6 | 4 |
| Lemon Twist | Pack of 6 | 4 |
| Granadilla Twist | Pack of 6 | 4 |
| Liqui fruit – Sparkling | Pack of 6 | 6 |
| Liqui Fruit – Juice | Pack of 6 | 6 |

DESCRIPTION OF GOODS / SERVICES

| | | |
|---|---|---|
| Nuttykrust biscuits | Each | 12 |
| Tennis biscuits | Each | 12 |
| Romany creams biscuits : Assorted flavours | Each | 12 |
| Eet-Sum-Mor biscuits | Each | 12 |
| Royal Creams biscuits | Each | 8 |
| Red Label Lemon Cream biscuits | Each | 12 |
| Strawberry whirls biscuits | Each | 8 |
| Bakers original whole wheat biscuits | Each | 8 |
| Ouma Rusks – Assorted flavours | Each | 8 |
| Freshpak Rooibos tea bags - NOT GREEN TEA | Each | 4 |
| Five Roses teabags - 102 | Each | 6 |
| Joko tea bags (100) | Each | 6 |
| 500 ml mineral water – Bené Still | Each | 600 |
| 500 ml SPARKLING mineral water – Bené Still | Each | 300 |
| Huletts white sugar 2,5 kg | Each | 6 |
| Mr Min furniture polish – Fruit blossom, Lemon, Lavender | Each | 3 |
| Selati brown sugar 2,5 kg | Each | 8 |
| Air Wick autospray – cool linen, white lilac | Each | 6 |
| Serviettes Twinsaver – 100 | Each | 4 |
| Dinu Décor Collections kitchen towel paper (2) | Each | 12 |
| Eve Instant Honeyed Ginger Tea with lemon (Sachets) (example of box attached) | Each | 6 |

| | |
|---|---|
| Vote Number (Please attach signed screen from Budget and Treasury Office) | 101028016009MPC22 |
| Requested by | I Mokodi [signature] 28/6/22 |
| Contact Number(s) | 056 816 2700 |
| Department | Municipal Manager |
| Approved / Not Approved | |
| [signature] MM/CFO/DIRECTOR(S)/MANAGER(S) | 27/06/22 DATE |

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASED ESTATE LYING FOR INSPECTION

In terms of Section 25(5) of Act 66 of 1965 notice is hereby given that the copies of the Liquidation and Distribution Account (Second and Final) in the Estate specified below will be open for inspection of all persons with an interest herein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Magistrates as stated.
Should no objection thereto be lodged with the Master concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**REGISTERED NUMBER OF ESTATE: 6670/2021**
Surname: **THERON**
Christian names: **LEON MAARTIN**
Identity number: **4209105012085**
Last address: **31 LOURENS STREET, VILLIERS**
Master's office: **FREE STATE, BLOEMFONTEIN**
Magistrates office: **VILLIERS**
**ADVERTISER**
**LE ROUX JANSEN ATTORNEYS**
**321 ALPINE WAY**
**LYNNWOOD, PRETORIA**
**E-MAIL: leroux@law.co.za**
**DATE: 22 JULY 2022**
**TEL: 087 630 1540**


## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TE21955/1994** passed by
**DORPSRAAD VAN PHIRITONA**
In favour of
**ROSELINAH NKHEMA**
**Identity number: 290624 0157 087**
**Unmarried**
In respect of:
**ERF 274 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 417 (FOUR HUNDRED AND SEVENTEEN) SQUARE METES HELD BY DEED OF TRANSFER TE21955/1994,**
which has been lost of destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 18th day of July 2022
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za.**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
Hendie Lötter by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**ANTRIO Dry Cleaners & Laundry**
**Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs**
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

**Petrus Steyn Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909

BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE
Herald Office National
Elsstraat 44 Heilbron

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
Vleissentraal

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**Ondervind u probleme om duidelik te hoor?**
**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op **WOENSDAG 27 JULIE 2022 BY HUIS BRON-VAN-HEIL HEILBRON.**
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.
Hear 4 Life
**Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.**

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
***Elsstraat 42 | HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

**We've got your back!**
Give your back the right buddy!



| Medium Back Chair | High Back Chair |
|---|---|
| Swivel & Tilt Mechanism | Swivel & Tilt Mechanism |
| 100 KG Weight Limit | 100 KG Weight Limit |
| Black Mesh Fabric | Black Mesh Fabric |
| PU Arms | PU Arms |
| R1850 | R2100 |

Office National
finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
*Catalogue available on request.*

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za



HERALD Sport

# HEILBRON ROLBAL-SPELERS MAAK NAAM

Verlede naweek het 9 spelers van Heilbron Rolbalklub die pad gevat Welkom toe vir deelname aan die Vierhoek-kompetisie.

Vierhoek is 'n jaarlikse instelling waar die vier subdistrikte, Goudveld, Riemland, Valsrivier en Oos-Vrystaat teen mekaar meeding, terwyl dit ook 'n geleentheid is vir die keurders om spelers te identifiseer wat gekies kan word vir die provinsiale span.

Weens omstandighede kon Oos-Vrystaat nie hierdie jaar aan die kompetisie deelneem nie en het Noorwes goedgunstiglik spelers beskikbaar gestel vir deelname.

Heilbron spanne was 'n mengsel van "jeug" en ervaring met Rudi en Tracy Jacobs, Hannalie Claassen, Babs Knoesen, TL en Henriehett de Waal en ons strydros Amelia Galatis, terwyl Edward en Sonja Muller saam met Magda Dames die "jeug" verteenwoordig het.

Alhoewel Valsrivier as subdistrik nie as wenners geëindig het nie, het Heilbron se spanne hulle baie goed van hulle taak gekwyt.

Woensdae se aandspel word steeds goed ondersteun. Belangstellendes is welkom om te kom saamkuier en dalk 'n paar balle te rol, hulle is ook welkom om die braaivleisvuur om 'n vleisie te braai.



*Op die foto vl: Babs Knoesen, Magda Dames, Amelia Galatis en Hannalie Claassen.*





Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Airmune
30 Effervescent Tablets
R199.95
WAS R229.95
AlkaFizz
120g Granules
R74.95
WAS R94.95
Panado
12 x 5ml Paediatric Syrup Peppermint
R34.95
WAS R42.95
063 721 4950 | 087 527 0723

Sinusitis
Algemene tekens en simptome sluit in:
Behandeling fokus op die oorsaak:

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 26 JULIE 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 27 JULIE 2022
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VREDE: DEALE BOVELDERS
90 Bulle & 280 koeie
11:00, Madeira, Vrede
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

DONDERDAG - 28 JULIE 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE & DISTRIKTE Speenkalf veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
BRANDFORT: NELLO DOHNE MERINO STOET
80 Ramme & 130 jong ooie
11:00, plaas Ofra, Brandfort
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
BETHLEHEM: JANMARCK BEEFMASTERS
30 Bulle, 100 dragtige verse & 200 speen bulkalwers
11:00, Stirling, Bethlehem
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

VRYDAG - 29 JULIE 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830

VEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
PJ. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)